

## Gereformeerde Kerk Bellville – 12 November 2017 – Oggend

**Sing vooraf staande: Psalm 91:1, 8 (p. 460)**

- 1 Wie toevlug neem in veil'ge hut / en skuil by die Alhoë,  
hy word beskadu en beskut / deur God se alvermoë.  
O HEER, my Rots, op wie ek bou, / by U is't my die beste;  
my toevlug waar ek stil vertrou, / in nood my veil'ge veste.
  
- 8 "Hy roep, en Ek beskerm hom daar, / totdat die nood verby is;  
Ek lei hom na die hoogtes waar / 'n eerkrans hom berei is.  
Die menseleeftyd, vlug en kort, / verleng Ek uit genade,  
sodat hy blye aanskouer word / van al my reddingsdade."

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

**Loflied: Psalm 106:1, 2 (p. 523)**

- 1 Geloofd sy God, die eewge HEER! / Gee aan Hom vrolik roem en eer!  
Sy goedheid ken geen pale of perke, / geen maat of tyd. Maar wie is hy  
wat uit kan spreek sy grote werke, sy lof kan uitsing na waardy?
  
- 2 Welsalig wie die reg betrag, / en dankbaar op Gods woorde ag.  
O HEER, wees aan my nou gedagtig / en kom my met u guns naby,  
Dat ek, u volk se heil deelagtig, / my met u erfdeel kan verbly.

**Geloofsbelydenis: Apostolicum**

**Wet**

**Psalm 102:1, 5 (p. 498)**

- 1 HEER, u goedheid is onendig; / hoor my as ek diep ellendig,  
as ek in my krag verkort, / klag voor U soos water stort.  
Hoor die hulproep van 'n lyer, / wil u aanskyn hom nie weier;  
hoor in nood, en hoor my nou, / help my, HEER, ag, help my gou!
  
- 5 HEER, waar U my hoog laat word het, / maar in toorn my neergestort het,  
is ek soos 'n plant wat kwyn, / en my dae – skaduskyn.  
Maar U, HEER, U is onendig, / u gedagt'nis bly bestendig;  
mensgeslagte gaan verby, / maar u roem sal ewig bly.

**Gebed**

**Psalm 95:4, 5 (p. 478)**

- 4 Hy's onse God en Herder, Hy, / en ons die skape van sy wei  
wat uittrek onder sy beskerming. / As jul vandag sy roepstem hoor,  
verhard jul nie, maar neig jul oor, / merk op die roep van sy ontferming.
  
- 5 Verhard jul hart nie, soos weleer / jul vaders wat – hoe dikwels weer! –  
nie op my wondermag vertrou het. / Hul het My, deur die dors gekwel,  
versoek, My op die proef gestel, / hoewel hul al my werk aanskou het.

**Skriflesing:** Matteus 4:23-5:12; Johannes 12:37-50

**Kernverse:** Matteus 5:1-2; Johannes 12:48

**En toe Hy die skare sien, het Hy op die berg geklim; en nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom gekom; en Hy het sy mond geopen en hulle geleer.** (Matteus 5:1-2 AFR53)

**Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag.** (Johannes 12:48 AFR53)

**Tema:** God se Woord is lewendig; luister ons daarna of hoor ons dit net?

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, sedert die Tweede Wêreldoorlog het daar oor die wêreld heen 'n gees van ontnugtering in mense opgewel. Europa is eerste met hierdie ontnugtering geteister: hoe kon beskaafde mense, en daarby ook nog Christene, mekaar by die miljoene uitmoor? Suid-Afrika het die ontnugtering nie vrygespring nie, al het dit eers sowat veertig jaar later op ons toegesak. Sedert 1994 het die ontnugtering op veral die blanke bevolking en dan veral op die Afrikaner toegesak.

Baie mense voel verraai deur die regering van destyds. Baie voel verswak, aangesien hulle nie meer die politieke mag het nie. 'n Hele klomp mense beleef 'n identiteitskrisis omdat hulle nie meer in beheer is soos voorheen nie. Dan is daar ook nog die mense wat ontnugter is deur hul eie mense en hulle vra hoe kon beskaafde mense regtig so wreed teenoor ander mense met 'n ander velkleur optree? Hoe kon hulle so iets doen, mense na wie ons opgesien het? Baie jongmense wil hulle van hulle eie mense afskei, want sê hulle, as die ouer geslag oor die politiek vir ons kon gelieg of geselekteerde inligting deurgegee het, waaroor het hulle nie nog gelieg of halwe waarhede vertel nie? En die kerk, ja die kerk, het ten opsigte van baie dinge van die politieke verlede meegeloop. Daarom is baie jongmense ook met die kerk ontnugter.

Hierdie ontnugtering bring mee dat vele mense aan die soek raak. Hulle soek na vastigheid in die lewe, want alles het so vloeibaar geword. Hulle soek rotse om op te staan, maar vind net drywende brokstukke. Dan sê hulle: Ag, wat help dit tog om nog te stry, laat elkeen maar doen wat hy wil, want daar is blykbaar nie vastighede nie.

Ons Christene aan die ander kant, is bly oor die ywer by mense om vastigheid te soek. Ons herken in hierdie ywerige soekery die werk van die Heilige Gees wat 'n mens eers verontrus voordat Hy vertroos. Die Heilige Gees verontrus 'n mens oor sy huidige lewenstyl en laat die mens begin soek. En gelowiges weet na Wie hierdie soekery die mense sal lei as die soeke vervul moet word. Deur die soekery lei die Heilige Gees 'n mens deur die Woord van God na Christus in wie daar werklik rus en troos te vind is.

Christene weet ook waarheen hierdie mense moet draai om die vastigheid vir hulle lewe te verkry. Dit is gewoonlik die plek wat heel eerste vermy word, naamlik die kerk van die Here. En hoekom vermy mense in hulle soekery eerder die kerk? Omdat hulle dikwels in die kerk dieselfde dinge vind waarvan hulle in die samelewing wil wegkom. Die kerk is dikwels nie die totaal anderse gemeenskap in die wêreld wat dit behoort te wees nie. Die kerk is dikwels nie die heilige gemeenskap van gelowiges nie, maar is net soos die samelewing waarin kwaadpraat en nydigheid en afguns hoogty vier. Die kerk lyk baie maal net soos die wêreld sodat 'n vreemdeling sal kan sê: Maar julle is nie anders as enigiemand anders nie.

Hoe wil die Here egter sy kerk dan hê? Hy wil hê dat sy kerk heilig moet wees, want Hy is heilig. Die kerk moet anders as die wêreld wees omdat hulle nie vanuit die wêreld hulle voorbeeld kry nie, maar van die Here hulle heilige God hulle voorskrifte en bepalings kry. Die Here het Homself immers met sy verbond aan sy kerk verbind. Hy is hulle God en hemelse Vader. En omdat die kerk vir die Here spesiale mense is, mense wat met sy Seun se bloed vrygekoop en beseël is, moet hulle anders lewe as die ongelowige wêreld.

En die kerk kan anders as die ongelowige wêreld lewe. Wanneer die kerk die voorskrifte en bepalings van haar Here gehoorsaam, kan die kerk se lewe anders wees, heilig wees. En die Here laat ons nie in die duister oor sy voorskrifte en bepalings nie. Ons hoor die groot verrassing van God hier in ons kernvers: **en Jesus het sy mond geopen en hulle geleer.**

Geliefdes, dit is inderdaad 'n groot verrassing dat God met ons praat. Dink u vir een oomblik in hoe sou dit gewees het as God eenvoudig stilgebly het en nooit met ons gepraat het nie. Of dink u in hoe dit met ons sou gegaan het as God maar net eenvoudig gedoen het sonder om ooit te sê hoekom Hy iets doen. Ons sou beslis raadop gewees het. Ons sou nooit ge-weet het wat die Here nou eintlik van ons verwag nie. Ons sou ons lewe lank twyfel, want ons sou nooit weet of dit of dat reg en goed sal wees vir God nie. Ons sou maar met tref en fouteer moes agterkom wat die Here se wil vir ons is. Maar dank aan ons Vader wat in die hemel is. Hy praat met ons en ons kan sy woorde verstaan, want Hy het gesorg dat ons sy Woord in ons moedertaal mag ontvang.

Jesus het sy mond geopen en hulle geleer. Die mense by Jesus het nou groot verwagtings. Vroeër het Hy reeds kort preke gegee. Hy het al begin om sommer so tussen al sy ander werk deur die evangelie van die koninkryk te verkondig. Maar nou gaan sit Hy soos 'n rabbi met sy dissipels by sy voete. Hy gaan sy dissipels nou leer. Hulle is mense wat reeds tot die oortuiging gekom het dat Jesus gesag het en ook met gesag praat. En verder, rondom die dissipels het daar 'n skare ander mense gaan sit, mense wat nog nie so oortuig was van Jesus se gesag nie, mense by wie daar nog baie vrae was oor Jesus. Baie van hulle was mense wat Jesus nog nie met oorgawe as die Messias wil aanvaar nie, want dan moes hulle so baie dinge loslaat. Daarvoor sien hulle nog nie regtig kans nie.

Hier openbaar Jesus ware barmhartigheid. Hy het sy mond geopen en hulle geleer. Hulle is sy dissipels wat reeds in Hom begin glo het, maar ook die skare wat nog ver van Hom af staan. Hierdie barmhartigheid betoon die Here vandag steeds in sy kerk. In die kerk ontmoet ons ook nog altyd die groep regtig oortuigde kinders van die Here, mense wat hulle met oorgawe toewy aan die Here omdat die Heilige Gees die oortuiging in hulle hart werk dat die Woord van die Here gesagvol is. Maar in die kerk ontmoet ons ook 'n aantal wat nog onbeslis saam gaan en saam luister, mense wat nog soek en op die rand staan en nie regtig kans sien om alles te laat los en net Jesus aan te hang nie. Hierin is Jesus se barmhartigheid sigbaar. Hy praat met en leer nie net die groepie toegewyde gelowiges nie maar met ons almal, ook met ons wat nog op die rand staan en nog nie ons hele lewe aan Hom toegewy het nie.

Maar wat is so besonders daaraan dat Jesus sy mond geopen en hulle geleer het? Die heerlike verrassing van hierdie woorde is dit: Wanneer Jesus sy mond open, open God sy eie mond. Wanneer Jesus praat, is dit God wat praat. Baie mense wil vandag te kenne gee dat God nie meer praat nie, God swyg, God beantwoord nie ons gebede nie. Maar hier praat God dan vanoggend met ons. Hy antwoord ons met sy Woord. Hy antwoord ons nog voordat ons gevra het.

Is dit nie eerder as gevolg van ons gepraterij dat ons nie die Here hoor nie? Wie heeltyd aanhou praat sal moeilik kan hoor, as die Here praat. En nou gebeur dit ook dat ons in ons dwaasheid die dinge wil omkeer. Ons dink dit is so belangrik dat God ons moet antwoord op ons woorde, terwyl ons eers moet leer om te antwoord op God se Woord. Ons moet eers hoor wat Jesus ons leer sodat ons op sy Woord kan antwoord, want Hy is die mond van God. Hy preek God aan ons sodat ons Hom sal leer ken as ons Vader wat ons onderrig ter wille van sy Seun Christus.

En hierop moet ons goed let: Kyk, die Woord van God is lewendig. Die woorde wat Hy spreek word kragtige daade wat deur geen skepsel nagmaak kan word nie. Van die begin af laat die Here ons sien en hoor hoe sy woorde daade word. Uit niks skep Hy die hele skep-ping en skepsels daarin deur net te praat. Op sy woord kom daar lewe in 'n dooie sondaars-hart. Dit gebeur op bevel van Jesus se woorde, want sy woorde is presies die Vader in die hemel se woorde. Dit is verrassende woorde, want, so sal ons in hierdie reeks van Jesus se woorde nog hoor, Hy veroordeel nie die wêreld nie maar spreek 'n mensdom salig wat eintlik nie reg op bestaan het nie.

Hoe bevoorreg is ons dan tog nie! Ons het die lewende Woord wat God deur sy geliefde Seun tot ons spreek. Ons het die voorreg om Sondag na Sondag en elke dag van ons lewe hierdie lewende Woord van God te hoor. En deur die Heilige Gees se werk binne-in ons word die Woord verstaanbaar en met die Woord maak Hy ons voortdurend van binne af nuut en heilig, anders as die ongelowige wêreld.

Nou kan ons egter nie hier halt roep nie. Die Heilige Gees dryf ons om verder te luister. En die klem val op luister! Laat ons net gou weer sê wat ons aan die begin gesê het. Baie mense wat ontnugter is in hierdie wêreld soek na vastighede en die plek waarheen hulle moet gaan om te soek, is die kerk. Maar hoekom gebeur dit dan dat baie mense ook deur die kerk ontnugter word en sê: Julle is maar net soos die wêreld, julle het ook maar afguns en nyd in julle hart terwyl julle lippe van liefde praat.

Kom daar dan geen daadwerklike verandering in ons nie, rig die lewende Woord van God dan niks met ons uit nie, kan die lewendmakende Gees van Christus ons dan nie radikaal anders maak nie, of wil ons nie verander en heilig wees nie? Ja, dit is indringende vrae wat ons te maklik van ontslae wil raak voordat ons regtig na onself gekyk het. Omdat die Here se Woord lewendig is en kragtige daade word sodra Hy dit spreek, moet ons nie vir die Here vra hoekom sy Gees ons nie kan verander nie? Ons moet eerder vra of ons regtig luister na hierdie lewende Woord of dit maar net hoor.

Laat ons dan nou luister wat die Gees vir die kerk sê. Hoekom moet ons na die lewende Woord luister en dit nie maar net hoor nie? Jesus het saam met al die woorde wat Hy gepreek het ook met baie wondertekens gepreek. Die mense moes nie net hoor van God se koninkryk wat naby gekom het nie, hulle moes ook die totale verandering opmerk waar God se koninkryk deurgebreek het. En tog het hulle nie in Jesus geglo nie. As hulle in Hom geglo het, sou hulle hulle eie lewens ook verander en verbeter het. Hulle het gehoor en gesien maar tog nie geglo nie.

So het dit aangegaan vir baie lank, sê Jesaja. En omdat die mense volhard het om nie na die lewende Woord van God te luister nie, en omdat die Here nie sy genade deur mense laat misbruik nie, het Hy hulle blind gemaak, hulle verstand afgestomp en hulle ore toegestop. Hy het aanhoudend geroep, maar hulle wou nie luister nie. As hulle dan nie wil luister nie, sal en het die Here veroorsaak dat hulle glad nie sal hoor en sien en verstaan en hulle bekeer nie.

Ons moet luister na hierdie waarskuwing! Die Here roep aanhoudend, sy mond is geopen en Hy praat elke liewe dag met ons. Pasop! Wanneer ons gaan volhard om nie te luister nie, wanneer ons maar net op die rand gaan bly staan en sê: Ag dit was weer 'n mooi preek

of 'n aangename huisbesoek, maar ons buig nie onder die werk van die Gees en verbeter nie ons lewe nie, sal die dag kom dat ons ook blind en doof en onverstandig word. Ons sal nog die Woord sien en hoor, maar verstaan sal ons dit nooit nie, want ons wou nie toe ons nog die geleentheid gehad het ons bekeer en toelaat dat die Here ons gesond en lewendig maak nie. Ons wou maar net die genade van die Here hoor, maar na die oproep om ons te bekeer en ons lewe geheel en al toe te wy aan die Here was vir ons te veel gevra, ons wou nie daarna luister nie.

Almal volhard egter nie soos hierdie eerste groep mense nie. Daar was ook die leiers in die Joodse Raad wat tog tot geloof in Jesus gekom het. Maar vir hulle was daar egter 'n ander prys om te betaal. Sodra hulle hulle geloof openlik in Jesus sou bely en leef, sou dit beteken dat hulle in oneer by die mense en veral by die Joodse leiers sou kom. Hulle sou uit die sinagoge verban word en nie meer so 'n hoë aansien by die mense geniet nie.

Ook na hierdie waarskuwing moet ons luister. Dit is goed en wel as ons ons geloof hier tussen die ander gelowiges bely en leef. Die Here eis dit immers ook van ons. Maar dit hou nie binne hierdie vier mure en onder hierdie klein groepie geloofsgenote op nie. Ook buite hierdie vier mure waar ons ver van ons geloofsgenote is, moet ons steeds ons geloof in Jesus Christus openlik bely en uitleef. Daar waar julle jongmense in die skool of by partyjies is, verwag die Here dat jy met jou woorde en optrede sal wys dat jou lewe regtig nuut gemaak is deur die Heilige Gees. Daar waar jy met jou werksmense besig is, moet jou nuwe en lewende hart wat oorloop van God se liefde sigbaar en hoorbaar wees. Daar waar jy op die pad bestuur of met saketransaksies besig is of met vriende kuier, moet jy steeds met woord en daad God die Vader se Naam bely en leef soos sy kind. Die Here eis dit van ons.

Die mens wat wil hê dat die Here sy naam moet onthou in die hemel voor sy Vader, moet die Here se Naam en woorde onthou voor die oë van die wêreld. Moenie dat die eer en vriendskappe van mense swaarder weeg as die eer en liefde wat ons aan ons Here en God moet bewys nie.

Geliefdes, die Here praat en roep uit tot ons ook vanoggend. Sy woorde is gesagvol, want dit is presies die woorde wat sy Vader vir Hom gesê het. As Jesus sy mond open en ons leer, praat God met ons. Hy wil hê dat ons na Hom sal luister en daadwerklik verander en anders word, Hy wil dat ons heilig sal wees, want Hy is heilig.

Laat ons ten slotte na hierdie waarskuwing luister! Wie Jesus se woorde nie aanneem nie, wie nie daadwerklik doen wat Hy beveel en smee dat die Heilige Gees hom help om sy lewe te verbeter nie, is besig om vir Jesus te verwerp. Luister mooi, Jesus verwerp nie eerste die mens nie en Hy veroordeel ook nie, Hy doen egter die verrassende van God, Hy praat met ons, want Hy wil die mensdom red van 'n gewisse en ewige dood. En wie besig is om Jesus te verwerp, staan reeds veroordeel. Die woorde van redding en saligheid wat Jesus nou nog tot ons spreek, sal daardie mens op die laaste dag veroordeel. Hy het met ons gepraat, maar die mense wou net hoor en nie luister nie. God se Woord is lewendig, gaan ons maar net hoor of gaan ons regtig na Hom luister?

**Amen!**

## Gebed

### Slotpsalm 85:3, 4 (p. 429)

- 3 Ek sal nou wag en luister, want ek weet / dat God die HEER sy volk nie sal vergeet.  
Hy sal, wanneer sy gunsgenote smeeek, / hul roepstem hoor en weer van vrede spreek.  
Maar laat sy volk dan nie onagsaam weer / die voetstap na die pad van dwaasheid keer;  
Gods heil's naby – dat luisterryk en skoon / die heerlikheid weer in ons land kan woon.
- 4 Genade en trou sal dan mekaar ontmoet; / die reg sal vrede met 'n kus begroet;  
getrouheid spruit dan uit die aarde weer, / geregtigheid sien van die hemel neer.  
Die goeie ontvang ons dan weer uit Gods hand / as halme buig op vrugbare akkerland.  
Geregtigheid gaan voor Gods aangesig / en bloei omhoog waar Hy sy voetstap rig.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

## Katkisasieopening

### Skrifberyming 4-6

Ere aan God, ere aan God / in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!  
Vrede op aarde, vrede op aarde / in die mense 'n welbehae.  
Ere aan God in die hoogste, / ere aan God in die hoogste!  
Vrede op aarde, vrede op aarde, / vrede op aarde, vrede op aarde,  
in die mense, in die mense 'n welbehae – / in die mense 'n welbehae, 'n welbehae.  
Ere aan God, ere aan God / in die hoogste, in die hoogste, in die hoogste!  
Vrede op aarde, vrede op aarde, / in die mense 'n welbehae.  
Amen. Amen.

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
12 November 2017